# HOOFSTUK 1.

## ONDERWYSTOESTANDE VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG.

### A. HISTORIESE AGTERGROND.

Toe die Rynse sendelinge in 1863 om Duitse beskerming gevra het, soos tewens deur Engeland aan al sy onderdane in die buiteland verleen is, het Duitsland so min in sy mense, en Suidwes-Afrika, belanggestel dat hy geweier en hul versoek aan die Engelse regering oorgedra het. Bismarck het hom selfs by geleentheid soos volg uitgelaat:

> "I do not want colonies at all. Their only use is to provide sinecures ...... and as for us Germans, colonies would be exactly like the silks and sables of the Polish nobleman who had no shirt to wear under them."(1)

Eers nadat die Engelse vlag op 3 Maart 1878 te Walvisbaai gehys is en F.A.E. Lüderitz 'n stuk grond by Angra Pequena van Josef Frederik gekoop het, was Bismark geneë om Lüderitz en sy besittings op 24 April 1884 onder beskerming van die Duitse Ryk te plaas. (2) Hierna is die ontwikkeling van die gebied aan die "Deutsche Kolonialgesellschaft" oorgelaat. Verskillende beskermingsverdrae is gesluit en met 'n klein polisiemag moes die orde gehandhaaf word. In 1889 het die kompanjie in geldelike moeilikheid geraak en toe die

---

(1) Chowduri: Dr. R.N., International Mandates and Trusteeship Systems, p. 1.

(2) Vedder: Dr. H., Einführung in die Geschichte Südwestafrikas, p.59.

gevaar ontstaan dat hulle sou uitverkoop aan 'n Hollands-Engelse Maatskappy, het die Duitse regering oorgeneem.[1] Die beskermingsverdrae deur die eertydse handelsmaatskappy met inboorlingopperhoofde gesluit, moes gehandhaaf word en dit kon alleen gedoen word met 'n redelike troepemag. Daarom word Kurt von Francois met die sogenaamde "Schutztruppe" uitgestuur wat op 24 Julie 1889 te Swakopmund aan wal stap. Hulle het spoedig genoeg werk gehad om die Namas onder die opstandige Hendrik Witbooi in 1894 tot oorgawe te dwing. Daarna het die Namas van Gobabis en die Oos-Herero's aan die beurt gekom. Hulle is in 1896 verslaan.[2]

Namate daar rus en orde in die gebied ontstaan het, het meer en meer immigrante die land binnegekom. Tog het die eintlike groot toestroming eers nà die groot Nama-Herero-opstand (1904-1907) geskied, want toe is hierdie twee stamme se mag finaal gebreek.[3] Die statistieke toon 'n bevolking van meer as 13,000 in 1914, waarvan ongeveer 12,000 Duitsers was.[4]

B. <u>SPORADIESE OPRIGTING VAN SKOLE SEDERT 1896</u>.

Die eerste onderwysgeleenthede vir blanke kinders is te Otjimbingue geskep waar sendelinge Bernsmann en Meyer van die Rynse Sendinggenootskap, bo en behalwe hul normale

---

(1) Pretorius: J.W.F., Die Staatkundige ontwikkeling van S.W.A. met besondere aandag aan die invloed van die bevolkingsgroepe in die verband, p.4.

(2) Vedder: dr. H., a.w., p.65, 66.

(3) Ibid., p.8.

(4) Jaarverslag van die Administrateur, 1918, p.22.

pligte, ook in 1876 onderrig aan blanke kinders aldaar gegee het.[1] Na die verplasing van Bernsmann na Okahandja, kon Meyer alleen nie volhou nie en is die werksaamhede gestaak tot Pastor J. Olpp op 6 Januarie 1896 die skool heropen en in stand hou tot aan die einde van September 1901.[2]

Ook die Rooms Katolieke Kerk verskaf in die vroegste jare, van Oktober 1899 af, die noodsaaklikste onderrig aan blanke kinders in die onmiddellike omgewing van die sendingstasies in Swakopmund ten einde te verhoed dat kinders na Duitsland of Kaapstad weggestuur hoef te word.[3] In Windhoek het die aanvanklike private onderrig deur een van die Roomse priesters in 1897 mettertyd gelei tot 'n "Privat und Pensionschule" in 1901. "Die höhere Mädchenschule der Katholischen Mission" het later hieruit ontwikkel en bestaan vandag nog.[4]

Op 18 Oktober 1890 het Kurt von Francois Windhoek as die nuwe administratiewe setel bepaal en spoedig het ouers by die owerheid aangedring op onderwysgeriewe. Belangstellendes het self 'n geskikte leerkrag uit hul midde gevind, Helene Nitze, en die eerste skool met staatsteun en ouerhulp word hier op 3 September 1894 geopen.[5]

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule, p.11.

(2) Moritz: E., Das Schulwesen in Deutsch-Südwestafrika, p. 128, 129.

(3) Ibid., p.130.

(4) Ibid., p.171, 172.

(5) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule, p.11.

Tipiese skole van hierdie aard het ook te Gibeon (1901) en Karibib (1902) tot stand gekom, terwyl dit ook bekend is dat suiwer private onderrig deur Frau Pflughoff in 1904 te Jakkalswater aan 4 kinders gegee is. Dié skool het egter nie lank bestaan nie.(1)

Dit is duidelik dat die eerste skole in Suidwes-Afrika sporadies ontstaan en slegs in voorlopige en dikwels tydelike behoeftes voorsien het. Die inisiatief het uitgegaan van sendelinge, soms van private persone en soms van ouergemeenskappe in samewerking met die Duitse owerheid.

## C. EERSTE REGULASIES IN SAKE SKOOLPLIG.

Die Duitse regering is mettertyd gedwing om 'n duidelike beleid ten opsigte van die skoolwese te formuleer, hoofsaaklik as gevolg van twee probleme:

(a) Die gevaar dat die Duitse nedersetters in Suidwes-Afrika weens afstand en al losser wordende bande, uiteindelik van Duitsland vervreemd kon raak, en

(b) die invloed van al groter getalle Hollands-Afrikaanse immigrante.

### (a) DIE GEVAAR VAN VERVREEMDING:

Die Duitse setlaars sou weens die hoë reiskoste per boot selde of nooit weer Duitsland besoek. Min van hul kinders sou opleiding aldaar geniet en diegene vir wie dit

---

(1) Moritz: E., Das Schulwesen in Deutsch-Südwestafrika, p.80.

wel beskore was, se verblyf sou van te korte duur wees vir blywende indrukke. Die allesoorheersende gevoel dat hulle een met die vaderland is, sou verflou. Daarby moet gevoeg word die feit dat Suid-Afrika se invloed, as buurstaat, maklik oor die grens kon sypel sodat die tweede geslag in Suidwes-Afrika moontlik nog "die Kolonisten Stammesgenossen mit deutscher Sprache, aber keine Deutschen mehr" sou wees.(1)

Dat die regering geneë was om meer aandag aan die onderwys te gee, getuig die bewilliging van 15,000 Mark reeds in 1902. Dit was bedoel as subsidie vir koshuisgangers en het heilsaam ingewerk, maar het veral ook 'n politieke doel gedien. "Sie war ein einfaches und wirksames Mittel um in den Ausländern durch gesetzten Bezirken den jungen Nachwuchs für das Deutschtum zu gewinnen."(2)

Sodra die Herero-opstand onder beheer kom, spits die owerheid hom weer daadwerklik toe op die onderwys. Op 20 Oktober 1906 word die eerste ordonnansie in sake skoolplig uitgevaardig. Dit het onder andere bepaal dat alle blanke kinders wat binne 'n afstand van vier kilometer van 'n regeringskool af woon, tussen die 7de en tot aan die voleinding van die 14de lewensjaar skoolpligtig is.(3)

Tot op hierdie datum was die onderwys van kinders in Suidwes-Afrika onderhewig aan die willekeur van diegene wat daartoe 'n behoefte gevoel het. Die afkondiging van

---

(1) Moritz: E., p.85, 86.

(2) Ibid., p.5.

(3) Die Deutsche Kolonialgesetzgebung 10. Band, 1906, art. 160.

genoemde regulasie het dus as 'n gesonde inspuiting gedien om groter skoolbywoning oral in die land te verseker. Ook nuwe skole ontstaan as 'n direkte gevolg hiervan t.w. Lüderitzbucht, 21 April 1908; Warmbad, 29 Julie 1908; Okahandja, 10 Oktober 1908 en Omaruru, 25 Januarie 1909.(1)

Tog was slegs 'n gedeelte van die skoolpligtige bevolking hierdeur betrek. Kinders verder as vier kilometer van 'n regeringskool af was uitgesluit en waar ouers, ten spyte van staatsondersteuning aan koshuisgangers, nie die oorblywende koste vir inwoning in die koshuise kon dra nie, was hul eweneens vrygestel van die bepaalde verpligting.
Eers met die afkondiging van algemene skoolplig op 28 Oktober 1911 is die net wyer gespan om behalwe die distrikte Grootfontein, Gobabis, Rehoboth, Outjo en Bethanien, die hele gebied in te sluit. Ten einde geleentheid te verskaf vir voorbereidings om die groter getal skoliere op te neem, het die ordonnansie eers op 1 Januarie 1912 van krag geword. Op 1 April 1912 is dit ook op Grootfontein van toepassing gemaak.(2)

In sy poging om die nageslag vir die vaderland te behou, het die staat die samewerking van die ouers probeer verkry deur groter verantwoordelikheid aan hulle oor te dra. Onder leiding van die Bezirksamt (streeksbeampte) is aanvanklik Gemeindeverbände in dorpies en Bezirksverbände op die platteland gestig. Hierdie verenigings het mettertyd

---

(1) Moritz, E., a.w. p.6.

(2) Ibid., p.9.

die oprigting, bestuur en instandhouding van skole en koshuise op hulle geneem terwyl die staat die onderwysers voorsien en besoldig het. Verder het die staat hom die reg van toesig oor die inrigtings voorbehou en by wyse van subsidies dit vir die besture moontlik gemaak om finansieel die mas op te kom, ook waar die plaaslike bydrae weens omstandighede totaal ontoereikend was.[1]

Dat dit beslis 'n wyse stap was, getuig die snelle vermeerdering van skole en koshuise oor die hele land en die gretigheid en offervaardigheid waarmee die gemeenskap saamgewerk het.

In Windhoek is as gevolg van uitbreiding spoedig die behoefte aan 'n Höërskool so sterk gevoel dat, op versoek van die plaaslike owerheid, Alfred Zedlitz in Februarie 1908 na Windhoek gestuur is as „Oberlehrer". Gebrek aan die nodige boeke en leerplanne het hom laat besef dat die standaard van die werk ontoereikend was as basis vir 'n hoërskool. Na intensiewe onderrig deur hom, slaag al twaalf kinders egter die toelatingstoets tot die „Sexta" in 1909.[2]

Hoe goed die regering geslaag het in sy doel om die Duitsers in Suidwes-Afrika te beskerm teen invloede van Suid-Afrika, bewys die eerste leerplanne in 1909 van die Kaiserliche Realschule te Windhoek. Met die oog op makliker en skynbaar natuurlike aansluiting by Suid-Afrika, word Engels as eerste vreemde taal in die leerplan ingevoeg.

---

(1) Ibid., p.10, 11.

(2) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule, p.13.

Spoedig blyk dit dat die verbinding met Duitsland meer populêr is as dié met Suid-Afrika en word Engels deur Frans in 1913 verdring. Die leerplan was nou in ooreenstemming met dié in Duitsland en het dus die wedersydse wisseling van leerlinge tussen moederland en kolonie vergemaklik.(1)

Die Staat se toesig oor die skole is eers deur die streeksbeampte uitgeoefen wat ook op grond van die 1906 Ordonnansie toesig gereël het.(2) In Mei 1910 word 'n pos vir 'n skoolinspekteur deur die owerheid geskep en die hoof van die Realschule, Bernhard Voigt, eers tydelik in 1911, maar van 1 Januarie 1913 af in permanente hoedanigheid daarin aangestel.(3)

(b) DIE INVLOED VAN HOLLANDS-AFRIKAANSE IMMIGRANTE.

As in gedagte gehou word dat die Duitse bevolking by 1914 ongeveer 12,000 teenoor ongeveer 1,000 van ander nasionaliteite getel het, skyn die vrees van die Duitse Regering vir sterk Hollands-Afrikaanse beïnvloeding vergesog te gewees het. Aan die ander kant moet die feit nie uit die oog verloor word nie, dat die land van herkoms ver verwyderd was, dat Hollands-Afrikaanse gesinne geneig was om hulle in groepe te vestig en dat hulle van hulle kant ook

---

(1) Die Deutsche Privatschule Windhoek, Heft 3 September 1963, p.14.

(2) Amtsblatt für das Schutzgebiet S.W.A., 1912, p.67. Die „Kaiserliches Distriksamt" gee kennis dat die „Schulprüfung" in Gobabis op 14.12.1912 om 7 vm. sal plaasvind.

(3) Verslag van Kommissie i.s Regte van Duitssprekendes in S.W.A. 1955, p.22.

hard probeer het om hul eie te handhaaf.[1]

In Grootfontein het die South West African Company sedert 1892 mynkonsessies geniet en ingewillig om vir die onderrig van hul werkers se kinders te sorg. Teen 1897 was hier tussen 30 en 50 Hollands-Afrikaanse kinders wat nog geen onderrig ontvang het nie, hoewel hulle om 'n Duitse onderwyser gevra het, gebonde aan die nedersettingsooreenkoms van Augustus 1895, artikel 3, waardeur hulle verplig was om hul kinders in Duits op te voed.[2]

Sterk Hollands-Afrikaanse gemeenskappe het ook saamgetrek te Keetmanshoop, Kub, Klipdam, Maltahöhe en Warmbad. Die Duitse Regering was egter nie van plan om groot toegewings te maak nie. Volgens die Haagse Ooreenkoms op 19 Desember 1900 met dr. H. Muller, Konsul-generaal van die O.V.S., wat namens die immigrante opgetree het, het hulle dit duidelik gestel: „Was den Unterricht anlangt, so kann die Regierung grundsätzlich nur Deutsche Schulen zulassen". Indien die Boere privaatskole oprig, sou hulle onder toesig van die Keiserlike Regering staan.[3]

Hierop het die waarnemende Goewerneur Von Estorff op 13 November 1902 verder uitgebrei toe aan twee verteenwoordigers van die Boere, te wete Botha en Van der Merwe,

---

(1) Moritz: E., a.w., p.81.
Deur De Villiers Smeer se bemoeienis om die moedertaal te bewaar word A. Kooy in medewerking met die Nederlands Zuid-Afrika Vereeniging in Amsterdam as onderwyser in 1902 laat kom na die skool te Swartmodder.

(2) Moritz: E., a.w., p.97.

(3) Ibid., p.81.

in Windhoek onder andere, die volgende bekend gemaak is:[1]

(a) Die Hollands-Afrikaanse ouers is verplig om hul kinders tussen die tiende en vyftiende lewensjaar vir twee jaar na 'n regeringskool te stuur.

(b) Die kinders mag gedurende hierdie tyd nêrens anders as in regeringskoshuise tuisgaan wat met 'n regeringskool verbind is nie.

(c) In die regeringskool sou uitsluitlik in Duits onderrig en in die koshuise Duits gepraat word.

(d) Indien privaatskole opgerig word, sou die regering hom nie daarmee bemoei nie, mits die tweejarige skoolpligtyd nagekom word.

Hierdie toegewings is egter deur die regering later as „zu weitgehend" bestempel.[2] By die eerste skoolpligordonnansie van 1906 word 'n interessante byvoeging gemaak op 12 Mei 1910. Dit het kinders in die omgewing van Kub binne 'n straal van 60 kilometer van die skool verplig tot skoolbywoning. Verder is die gebruiklike subsidie van 300-400 Mark per kosganger in hierdie geval verhoog na 600 Mark per kind om te verseker dat ouers nie weens gebrek aan finansies hul kinders weerhou nie. Dit alles was spesifiek daarop

---

(1) Ibid., p.82.

Ongelukkig is die voorletters van Botha en Van der Merwe in die beskikbare bron nie aangedui nie.

(2) Ibid., p.82, 83. Die regering wou hierdie ooreenkoms nie bekragtig nie.

gemik om die Hollands-Afrikaanse kinders te betrek „im Interesse der Züruckdrängung fremden Einflusses und der Förderung des Deutschtums".[1]

Hulle was nie begaan om die Hollands-Afrikaanse gemeenskappe se voortbestaan as aparte entiteite te beveilig nie. Die onderrig van Engels as vak in die laerskole kon van die derde tot die agste skooljaar in die leerplan ingevoeg word, mits die Goewerneur daartoe toestem. Dit het voorts alleen gegeld vir skole waar daar drie of meer personeellede beskikbaar was en een die onderrig kon waarneem. Hollands as vak is, waar daarvoor 'n behoefte bestaan het, ook van die derde tot die agste skooljaar met goedkeuring van die Goewerneur onderrig. Klipdam is 'n tipiese voorbeeld van so 'n vergunning.[2]

Hieruit is dit duidelik dat Engels slegs in die groter skole by wyse van vergunning onderrig kon word. Ook in die geval van Hollands was dit telkemale 'n guns wat toegestaan is. Die owerheid was naamlik eerder bekommerd oor die behoud van sy eie mense in Suidwes-Afrika en die bekamping van die vreemde invloede binne sy grense wat hulle nasionale gevoel kon skaad. Daarom word doelbewus in oorwegend Hollands-Afrikaanse omgewings Duitse nedersetters geplaas. So ontstaan nuwe skole te Maltahöhe, 25 Januarie 1910; Kub, 1 Augustus 1910 en Klipdam 1 September 1910.

---

(1) Ibid., p.116.

(2) Verslag van Kommissie i.s Regte van Duitssprekendes in S.W.A., 1955, p.22.

Hiervan sê Moritz: "Hier gab die Niederlassung von Deutschen unter den überwiegend fremden Bevölkerung den Anstoss zur Ausbreitung des Schulwesens, teils um dem eigenen Volkstum zur Stütze zu dienen, teils um Kristallisationspunkte zu gewinnen, an welchen die Verdeutschung der Ausländer ansetzen konnte." (1)

D. STAND VAN ONDERWYS VOOR 1914.

Uit die voorafgaande kan opsommenderwys saamgevat word dat vanaf 'n ongeorganiseerde toestand van verspreide private skooltjies in vroeër jare, die Duitse owerheid binne die bestek van ag jaar sedert die afhandeling van die eerste skoolpligordonnansie, daarin geslaag het om die hele bevolking te betrek in 'n stelsel waarin staat en gemeenskap saamgewerk het. Dit het groot uitbreiding veroorsaak.(2) Die feit dat die ouers verantwoordelikheid aanvaar het vir die oprigting, instandhouding, bestuur en uitbreiding van skole en koshuise, het hulle voorts 'n belangrike faktor in die stryd om die behoud van die eie gemaak. Die belangstelling van die plaaslike instansies is hierdeur verseker. Alles is nie van bo af, dit wil sê van regeringsweë, afgedwing nie. Tog het die Duitse owerheid gesorg dat hulle die strategiese plekke in die stelsel beheer, te wete die verskaffing van die onderwysers en toesig oor die onderwys. Hulle wou dus verseker dat die regte persone die jeug verstandelik en geestelik toerus na hulle ideale en waar sake skeef loop, kon hulle optree om dit reg te

---

(1) Moritz: E., a.w. p. 8.

(2) Ibid., p.3, 9. Sedert 1911 tot 1912 het die leerlingtal met 22% gestyg en in 1914 was daar 20 skole met 775 kinders en 39 diensdoende onderwysers.

stel. Juis in Suidwes-Afrika was dit belangrik, want die onderwys was „nicht bloss Erzieherin wie daheim, sondern (sie) erfüllt ein politische Mission. Sie ist in dem jungen, im Werden begriffenen Lande die Trägerin deutscher Kultur und in Grenzgebieten mit ihrem starken Einschlag fremder Bevölkerung, die Stütze des Deutschtums."[1]

Die breë opset vir die behoud en bevordering van die Duitse erfgoed was voltooi. Op die vernaamste sentrums oor heel die land het daar skole en koshuise onstaan; in Swakopmund is in 1909 die basis gelê vir 'n Hoërskool wat in 1913 onder leiding van dr. Wallberg en mnr. Herlyn afgerond is;[2] dieselfde het in Windhoek gebeur onder Alfred Zedlitz, sodat daar voor 1914 twee hoërskole ontwikkel het.[3] Die aansluiting met skole in Duitsland is vergemaklik deur ooreenstemmende leerplanne in die hoërskool; Bernhard Voigt was die eerste voltydse inspekteur sedert Januarie 1913 waardeur die toesig gehandhaaf kon word. In Hollands-Afrikaanse omgewings is Duitse skole met of sonder geringe toegewings opgerig. Hulle was skeppings van nasionale belang „um der verschwindend geringe Prozentzatz Deutscher bei seinem Volkstum (zu erhalten), andererseits musste der Widerstand Kulturrückständiger Elemente, wie es die Buren im Südosten waren, überwunden werden, um ihre Eindeutschung zu erreichen, und es zukünftig dahin zu bringen, die

---

(1) Ibid., p.2.

(2) Jubileumblad Swakopmund Hoërskool, p.5.

(3) Fünfzig Jahre Höhere Privatschule Windhuk, p.13.

Deutschsprechende auch zu Deutschen zu machen."[1]

Die betekenis van die onderwys van 1914 is dan juis hierin geleë dat die grondslag gelê is ter verwesenliking van hierdie tweeledige ideaal: om die Hollands-Afrikaans-sprekendes te verduits en om die Duitssprekendes aan die kultuurgoed van hul voorgeslagte vas te knoop, sodat hulle in Suidwes-Afrika wel in afgesonderdheid sal leef en arbei maar dan sonder om die bande met die vaderland („die Heimat") te verbreek of te laat verslap.

---

(1) Moritz: E., a.w., p.8.